# TELEMATIESE SKOLE PROJEK

# 2023 VAKWERKBOEK
## Graad 11

# REKENINGKUNDE

‘n Gemeenskaplike inisiatief tussen die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.

Western Cape Government
FOR YOU
Education

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

## BROADCAST SESSIONS

Liewe Graad 11 Rekeningkunde leerder

Welkom by die Telematiese onderrigprojek. Die 2023 Gr 11 Rekeningkunde program is daarop gerig om jou begrip van die Rekeningkundige proses en foci op die **basiese kennis en vaardighede** wat nodig is om suksesvol in Rekeningkunde te wees, te versterk.

Gebruik hierdie geleentheid om dit wat in die klas onderrig was, te konsolideer. Die 2023 Telematiese lesse sal Gr 10 werk hersien, berekeninge ten opsigte van waardevermindering uiteensit, fokus op Gr 11 bateverkope, duidelikheid verskaf op jaareind-aansuiwerings, finansiële state, asook begrotings en voorraadstelsels.

Jy kan op jou eie of met studiemaats deur die aktiwiteite werk, maar jy sal meer die waarde geniet deur ook die direkte video lesse te volg en die interaksie met die aanbieder met vrae via SMS, WhatsApp of die Telematiese Facebook bladsy.

Met hierdie vak sal jy toegerus word met waardevolle lewensvaardighede wat jy in enige beroep kan toepas en ook in jou eie persoonlike lewe, soos ordelikheid, deeglikheid, netheid, noukeurigheid, akkuraatheid, etiese gedrag, gesonde oordeel, georganiseerdheid sowel as kritiese, logiese en analitiese vermoëns. **Rekeningkunde is 'n opwindende, interesante en dinamiese vak. Besluit dadelik om dit te geniet, of selfs beter, om daarvoor lief te wees!**

"***PASSIE + VISIE + AKSIE is die antwoord tot sukses***" is die wenleuse van Marilyn King, 'n VSA Olimpiese Vyfkampatleet.

Wees passievol oor jou Rekeningkunde, skep 'n **visie** van wat jy daarmee wil bereik en reageer op jou passie en visie deur hard te werk aan die vak, dan **sal** jy suksesvol wees.

Alles van die beste.
Me JP Conradie
WKOD SKB Rekeningkunde

| Sessie | Datum | Tyd | Onderwerp |
|---|---|---|---|
| **1** | **08/02/2023 Eng<br>09/02/2023 Afr** | **16h00-17h00** | **Vaste bates: Berekeninge en Algemene Grootboek** |
| 2 | 15/02/2023 Eng<br>16/02/2023 Afr | 15h00-16h00 | Vaste bates: Nota tot Vaste Bates |
| **3** | **20/02/2023** | **15h00-16h00 Eng<br>16h00 -17h00 Afr** | **Finansiële State van Vennootskap** |
| 4 | 21/08/2023 Eng<br>22/08/2023 Afr | 15h00-16h00 | Finansiële State van Vennootskap |
| **5** | **23/08/2023 Eng<br>24/08/2023 Afr** | **15h00-16h00** | **Begrotings** |
| 6 | 25/10/2023 Eng<br>26/10/2023 Afr | 15h00-16h00<br>16h00 -17h00 | Voorraadstelsels |

# TERMINOLOGIE

| Term | Definisie/ Beskrywing |
|---|---|
| Waardevermindering | Die vermindering van die waarde van 'n bate. Waardevermindering is 'n toegerekende uitgawe omdat deel van die koste aan 'n spesefieke rekeningkundige tydperk gealokkeer word. |
| Opgehoopte waardevermindering | Die totale waardevermindering van die bate oor 'n tydperk |
| Boekwaarde (drawaarde) | Die oorspronklike kosprys minus die waardevermindering oor die tydperk waartydens die bate in die onderneming se gebruik was. |
| Residuele bedrag | Die volle bedrag van die bate kan nie afgeskryf word vir solank dit in die onderneming se besit is nie.<br>Die drawaarde word op R1 gehou. |
| Kosprysmetode | Ook genoem die vaste paaiement metode of reguitlyn-metode. |
| Verminderde saldometode | Ook genoem drawaarde-/boekwaardemetode<br>Waardevermindering word afgeskryf op die drawaarde van die bate. |
| Lewensduur | Die tydperk wat die onderneming verwag om 'n afskryfbare bate te gebruik. Die fisiese lewensduur van 'n bate, 'n rekenaar het byvoorbeeld 'n fisiese lewensduur van vyf jaar. |
| Rekeningkundige periode / Finansiële jaar | Die 12-maande tydperk wat deur die eienaar vir finansiële verslagdoening gekies is, bv. 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023 |
| Omsigtigheidskonsep | Finansiële resultate word op 'n konserwatiewe wyse gerapporteer. |
| Aansuiwerings | Die 'veranderinge' aan sommige syfers in die Vooraansuiweringsproefbalans om die korrekte netto wins vir 'n spesifieke finansiële tydperk te bereken (en om die AARP-beginsels vir die finansiële verslagdoeningstydperk toe te pas) |
| Staat van Omvattende inkomste | Die verslag wat die finansiële RESULTAAT van bedrywighede vir een finansiële jaar toon, dit wil sê wins of verlies. |
| Staat van Finansiële posisie | Die verslag wat die finansiële POSISIE (welvaart / waarde) van die besigheid op die laaste dag van 'n finansiële jaar toon. |
| Netto waarde | Bates - Laste |
| Vennootskapsooreenkoms | 'n Kontrak tussen ten minste twee persone, waar hulle hul bates en vaardighede kombineer met die doel om 'n wins te maak en te deel. |

## VYF STAPPE OM TE VOLG ALVORENS DIE ONDERNEMING 'N BATE VERVREEM:

| Stappe | | Transaksie | Rekening gedebiteer | Rekening gekrediteer |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| 1 | Waardever-mindering | Bereken waarde-vermindering vir die huidige jaar (indien nodig) | Waardever-mindering | Opgehoopte Waardever-mindering |
| 2 | Opgehoopte waardever-mindering | Bereken die totale opgehoopte waardevermindering op die datum van vervreemding (die saldo aan die begin van die jaar + die waardevermindering tot op die datum van vervreemding (soos bereken in Stap 1) | Opgehoopte Waardever-mindering | Bateverkope |
| 3 | Kosprys | Dra die kosprys van bate oor | Bateverkope | Bate-rekening (bv Voertuie) |
| 4 | Verkoopprys | Dra die verkoopprys by die vervreemding van die bate oor:<br>• Verkoop vir kontant<br>• Verkoop op krediet<br>• Geneem deur eienaar vir eie gebruik<br>• Donasie gemaak | <br><br>Bank<br>Debiteure-kontrole<br>Onttrekkings<br>Donasies | Bateverkope |
| 5 | Bereken wins/verlies: | Bereken die wins / of verlies:<br>• Dra wins oor<br>• Dra verlies oor | <br>Bateverkope<br>Verlies met bateverkope | <br>Wins met bateverkope<br>Bateverkope |

**Aktiwiteit 1**

Die volgende inligting verskyn in die boeke van Trudy Handelaars vir die finansële jaar geëindig 31 Desember 2022.

**INSTRUKSIE:**

1.1.1 Vul die ontbrekende bedrae /besonderhede aangedui deur (a) tot (d) in die Toerusting-rekening in.

1.1.2 Voltooi die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek vir die jaar geëindig 31 Desember 2022.

- Opgehoopte waardevermindering op Toerusting (Balanseer die rekening)
- Bateverkope-rekening
- Waardevermindering

**INLIGTING:**

**A. TOERUSTING B5**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2022 Jan | 1 | Saldo | a/b | 160 000 | 2022 April | 30 | (a) | AJ | (d) |
| Okt | 31 | (b) | KJ | (c) | | | Saldo | o/d | 132 000 |
| | | | | 202 000 | | | | | |
| | | | | | | | | | |

B. Opgehoopte waardevermindering op toerusting op 1 Januarie 2022: R112 000.

C. Die ou toerusting was verkoop vir R15 000 kontant. Die opgehoopte waarderver-mindering was R57 000 op 1 Januarie 2022.

D. Waardevermindering op toerusting word voorsien teen 15% p.j. op die drawaarde.

AKTIWITEIT 1.1 (Antwoordblad)

| **1.1.1** | **Vul die ontbrekende bedrae /besonderhede aangedui deur (a) tot (d) in die Toerusting-rekening in.** |
|---|---|
| (a) | |
| (b) | |
| (c) | |
| (d) | |

**1.1.2** **ALGEMENE GROOTBOEK VAN TRUDY HANDELAARS**

**Opgehoopte waardevermindering op Toerusting B7**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

**Bateverkope N9**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

**Waardevermindering N10**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

**AKTIWITEIT 1.2**

**Die inligting hieronder is geneem uit die rekords van Kirby Handelaars op 30 Junie 2022.**

**INSTRUKSIE:**

1.2.1 Bereken die volgende:
- Waardevermindering op die voertuig verkoop op 1 Maart 2022.
- Totale waardevermindering vir die jaar geëindig 30 Junie 2022

1.2.2 Voltooi die Algemene Grootboek-rekeninge hieronder voorsien. Balanseer/sluit dit af aan die einde van die finansiële jaar.

**INLIGTING:**

**A. Die volgende rekeninge verskyn in die Algemene Grootboek van Kirby Handelaars. Sommige van die inligting is in bereken gebring.**

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN KIRBY HANDELAARS**

**VOERTUIE** **B6**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2021 Jul | 1 | Saldo | a/b | 570 000 | | | | | |
| Okt | 30 | ? | KJ | 60 000 | | | | | |

**OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP VOERTUIE** **B7**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 2021 Jul | 1 | Saldo | a/b | 254 000 |
| | | | | | 2022 Mar | 1 | Waardever-mindering | AJ | ? |
| | | | | | 2022 Jun | 30 | Waardever-mindering | AJ | ? |

**BATEVERKOPE** **N10**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2022 Mar | 1 | ? | AJ | 185 000 | 2022 Mar | 1 | ? | AJ | ? |
| | | | | | | | Debiteure-kontrole | | 45 000 |

## Aktiwiteit 1.2 (Antwoordblad)

| | |
|---|---|
| 1.2.1 | • Waardevermindering op voertuig verkoop op 1 Maart 2022 |
| | |
| | • Totale waardevermindering vir die jaar geëindig 30 Junie 2022. |
| | |

### 1.2.2 ALGEMENE GROOTBOEK VAN KIRBY HANDELAARS

**VOERTUIE** **B6**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2021<br>Jul | 1 | Saldo | a/b | 570 000 | | | | | |
| Okt | 31 | | AJ | 60 000 | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

**OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP VOERTUIE** **B7**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 2021<br>Jul | 1 | Saldo | a/b | 254 000 |
| | | | | | 2022<br>Mrt | 1 | Waarde-<br>vermindering | AJ | |
| | | | | | 2022<br>Jun | 30 | Waarde-<br>vermindering | AJ | |
| | | | | | | | | | |

**BATEVERKOPE** **N10**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2022<br>Mrt | 1 | | AJ | 185 000 | 2022<br>Mrt | 1 | | AJ | 45 000 |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

**AKTIWITEIT 2:1**

Die inligting hieronder is geneem uit die rekords van Fanie Winkels op 30 Junie 2022, die einde van hulle finansiële jaar.

**INSTRUKSIE:**

2.1.1 Stel die Bateverkope rekening op.

2.1.2 Voltooi die Nota tot vaste / tasbare bates op 30 Junie 2022. Toon bewerkings in die spasie voorsien.

**INLIGTING:**

**Jy word voorsien met die Voor-aansuiwerings bedrae van Fanie Winkels aan die jaareinde, 30 Junie 2022.**

| | |
|---|---|
| Grond en geboue | R3 400 000 |
| Voertuie teen kosprys | 790 000 |
| Toerusting teen kosprys | 220 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie (01.07.2021) | 360 250 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting (01.07.2021) | 155 000 |

**AANSUIWERINGS / ADDISIONELE INLIGTING:**

Voorsien vir waardevermindering soos volg: op voertuie teen 20% p.j. op die verminderde saldo-metode en op toerusting teen 15% p.j. op kosprys.

**Nota:**

A. Opknappings is aan die geboue gebring, R80 000. Hierdie is korrek opgeteken.

B. ‘n Nuwe voertuig met ‘n kosprys van R290 000 was aangekoop op 1 Januarie 2022. Hierdie is korrek opgeteken.

C. Toerusting met ‘n kosprys van R35 000 was verkoop aan ‘n werknemer vir R3 500 kontant op 31 Oktober 2022.
Die drawaarde / boekwaarde van hierdie toerusting op die 1ste dag van die finansiële jaar was R3 800. Die boekhouer het geen inskrywings vir hierdie transaksies gemaak nie aangesien hy onseker was van die prosedure.

D. Addisionele toerusting ten bedrae van R36 500 was aangekoop op 30 Oktober 2021. Hierdie is nog nie opgeteken nie.

## AKTIWITEIT 2.1 (Antwoordblad)

### ALGEMENE GROOTBOEK VAN FANIE WINKELS
### BATEVERKOPE

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

| VASTE / TASBARE BATES | Grond en Geboue | Voertuie | Toerusting |
|---|---|---|---|
| Drawaarde aan die begin van jaar | | | |
| Kosprys | | | |
| Opgehoopte waardevermindering | | | |
| Bewegings: | | | |
| Byvoegings teen kosprys | | | |
| Verkope teen drawaarde | | | |
| Waardevermindering vir die jaar | | | |
| Drawaarde aan die einde van jaar | | | |
| Kosprys | | | |
| Opgehoopte waardevermindering | | | |

**AKTIWITEIT: 2.2**

Die vaste bate inligting verskyn in die boeke van Layla Handelaars vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022.

**INSTRUKSIE:**

2.2.1 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur (a) tot (e) op die onvolledige Vaste Bate nota voorsien.

2.2.2 Die voorbereiding van 'n Vaste Bate Register dien as 'n belangrike beheermaatreël. Verduidelik kortliks hoekom. Voorsien TWEE geldige punte.

**INLIGTING:**

A.

| VASTE / TASBARE BATES | Grond & geboue | Toerusting |
|---|---|---|
| Drawaarde aan begin van jaar | 1 300 000 | (b) |
| Kosprys | 1 300 000 | 420 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | | (186 000) |
| **Bewegings:** | | |
| Byvoegings teen kosprys | (a) | 160 000 |
| Verkope teen drawaarde | | (c) |
| Waardevermindering vir jaar | | (d) |
| Drawaarde aan einde van jaar | 1 750 000 | |
| Kosprys | 1 750 000 | (e) |
| Opgehoopte waardevermindering | | |

B. 'n Nuwe stoorkamer is gedurende die jaar aangebou.

C. Toerusting:

- Op 30 Oktober 2021 is ou toerusting met 'n kosprys van R90 000 ingeruil vir nuwe toerusting ter waarde van R160 000. Die inruilbedrag ontvang was R58 200. Die opgehoopte waardevermindering op die toerusting ingeruil was R27 000 op 1 Maart 2021.
- Toerusting word gedepresieer teen 15% op drawaarde

## AKTIWITEIT 2.2 (Antwoordblad)

| 2.2.1 | **Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur (a) tot (e) op die onvolledige Vaste Bate nota voorsien.** | |
|---|---|---|
| | BEWERKINGS | ANTWOORD |
| (a) | | |
| (b) | | |
| (c) | | |
| (d) | Vervreemding: | |
| | | |
| | Nuut: | |
| | | |
| | Oud: | |
| | | |
| (e) | | |

| 2.2.2 | Die voorbereiding van 'n Vaste Bate Register dien as 'n belangrike beheermaatreël. Verduidelik kortliks hoekom. Voorsien TWEE geldige punte. |
|---|---|
| | |

**Onthou:**
- Staat van Omvattende inkomste (Inkomstestaat) – weerspieël die finansiële resultaat (wins of verlies) vir een finansiële jaar
- Staat van Finansiële posisie (Balansstaat) – weerspieël die finansiële welvaart / waarde van 'n besigheid sedert dit begin het

**AKTIWITEIT 3.1**

**Die volgende inligting het betrekking op Calana Winkels. Die finansiële jaar eindig op 30 Junie 2022. Die onderneming gebruik die deurlopende voorraadstelsel.**

**INSTRUKSIE:**

3.1.1 Verwys na inligting B.
Gebruik die tabel voorsien om die korrekte netto wins na belasting vir jaar geëindig 30 Junie 2021 te bereken. Dui '+' vir vermeerdering en '-' vir vermindering aan.

3.1.2 Voltooi die Nota tot Lopende Rekeninge soos op 30 Junie 2022 op.

**A. Uittreksel van lys van saldo's / totale op 30 Junie 2022**

| **Staat van Finansiële Posisie rekeninge afdeling** | | |
|---|---|---|
| Kapitaal: Calum | 2 800 000 | |
| Kapitaal: Anna | 2 400 000 | |
| Lopende rekening: Calum (1 Julie 2021) | 140 000 | Kt |
| Lopende rekening: Anna (1 Julie 2021) | 4 000 | Dt |
| Onttrekkings: Calum | 265 000 | |
| Onttrekkings: Anna | 230 000 | |
| Handelsvoorraad | 406 400 | |
| Debiteurekontrole | 632 000 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde (1 Julie 2021) | 22 800 | |
| SA Mediesehulpfonds | 12 400 | |
| Krediteurekontrole | 462 000 | |

B. ‘n Netto wins van R4 987 200 is bereken **ALVORENS** die volgende in berekening gebring / die volgende inligting reggestel is.

(i) Handelsvoorraad op 30 Junie 2022 is gewaardeer op R383 800.

(ii) Voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word na R18 000

(iii) Huurinkomste:
Huur van R74 000 was ontvang vanaf ‘n huurder vir die tydperk 1 Julie 2021 tot 31 Augustus 2022. Hierdie is opgeteken. Hierdie bedrag neem in berekening ‘n vermindering van R750 per maand vanaf 1 Mei 2021. Die jaareindaansuiwering is nog nie gemaak nie.

(iv) ‘n Jaarlikse versekeringspremie van R12 000 is betaal vir die tydperk 1 November 2021 tot 31 Oktober 2022.

(v) Die ouditeur het ontdek dat die wins op die verkope van ‘n bate, R13 600, verkeerdelik as ‘n verlies aangedui is.

(vi) Die bedrag verskuldig aan SA Mediesehulpfonds is wel betaal, maar die boekhouer het vergeet om die betaling in die KBJ op te teken.

C. Verdeling van winste en kapitaalbydraes:

(i) Primêre verspreiding van winste:

- Beide vennote is geregtig op ‘n salaris van R35 000 per maand.
- Calum is geregtig op ‘n produksiebonus van R12 000 vir sy addisionele bestuursrol in die vennootskap.
- Rente op kapitaal word bereken teen 8% van die kapitaalsaldo’s.
- Op I Oktober 2021, het Calum sy kapitaalbydrae verhoog deur ‘n voertuig ter waarde van R60 000 tot die vennootskap by te dra. Hierdie is alreeds korrek opgeteken.
- Op 30 Junie 2022 het Anna haar kapitaal met R20 000 verminder. Hierdie is nog nie in berekening gebring nie.
- Vennote deel die oorblywende winste / verliese in die verhouding 3 : 2

## AKTIWITEIT 3.1
## BEREKENING VAN NETTO WINS

| | |
|---|---|
| Verkeerde netto wins | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| Netto wins | |

NOTA TOT LOPENDE REKENINGE: 30 JUNIE 2022

| | Calum | Anna |
|---|---|---|
| Wins soos per Staat van Omvattende inkomste | | |
| Salarisse | | |
| Rente op kapitaal | | |
| Bonus | | |
| | | |
| Finale verdeling van winste | | |
| | | |
| Oorblywende inkomste vir die jaar | | |
| Behoue inkomste aan die begin | | |
| Behoue inkomste aan die einde | | |

**AKTIWITEIT 4**

Die inligting is geneem uit die boeke van JayZee Handelaars op 28 Februarie 2023.

**INSTRUKSIE:**

**VERLANG:**

4.1.1 Berei die Staat van Finansiële Posisie voor op 28 Februarie 2023. Sommige bedrare is ingevul op die Antwoordblad.

4.1.2 Berei die Handels en ander betaalbare bedrae nota tot die finansiële state voor.

**LYS VAN SALDO'S OP 28 FEBRUARIE 2023**

| | |
|---|---|
| Lopende rekening: Jayde | R800 000 |
| Lopende rekening: Zeenat | 900 000 |
| Vaste deposito: QR Bank | 380 000 |
| Oortrokke bank | 25 000 |
| Spaarrekening | 15 000 |
| Kleinkas | 1 850 |
| Uitgawes betaalbaar / Opgeloop | 7 100 |
| Vooruitontvange inkomste / Uitgestelde inkomste | 5 800 |
| Krediteurekontrole | ? |
| Lening: AB Bank | ? |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

(i) Die vaste deposito met QR Bank bestaan uit TWEE deposito's:
- R120 000 verval op 31 Julie 2022
- R260 000 verval op 31 Julie 2023

(ii) Die leningstaat ontvang vanaf AB Bank op 28 Februarie 2023 toon die volgende:

| | |
|---|---|
| Saldo op 1 Maart 2022 | 1 680 000 |
| Rente | 90 000 |
| Terugbetalings (rente ingesluit) | 225 000 |
| Saldo op 28 Februarie 2023 | ? |

Die leningsooreenkoms stipuleer dat 'n vaste kapitaalgedeelte van die lening jaarliks terugbetaal moet word.

(iii) 'n Nuwe werknemer het halfpad deur Februarie by die onderneming begin werk. Die boekhouer het slegs die uitgawe gedeelte van die transaksie geprosesseer.
Netto salaris: R18 300 (halwe maand)
LBS: 18%
WVF: 1%
WVF-bydraes 1%

(iv) Bedryfsverhouding op 28 Februarie 2023 is 2,5 : 1
(v) Vuurproefverhouding op 28 Februarie 2023 is 1,5 : 1

## AKTIWITEIT 4 (Antwoordblad)

### JAYZEE HANDELAARS
### STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 28 FEBRUARIE 2023

| | |
|---|---|
| **BATES** | |
| **Nie-bedryfsbates** | |
| Vaste bates | |
| Finansiële bates | |
| **Bedryfsbates** | |
| Voorraad | |
| Handels en ander ontvangbare bedrae | |
| Kontant en kontantekwivalente | |
| **TOTALE BATES** | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | |
| **Vennootskapsekwiteit** | |
| Kapitaal | |
| Lopende rekening | |
| **Nie-bedryfslaste** | |
| Lening: AB Bank | |
| **Bedryfslaste** | |
| Handels- en ander betaalbare bedrae | |
| | |
| | |
| | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | |

| **Handels- en ander betaalbare bedrae** | |
|---|---|
| Krediteurekontrole | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

**Onthou:**
**Die kontantbegroting: fokus op toekomstige invloei en uitvloei van kontant d.w.s. toon die toekomstige kontantposisie van die onderneming (ontvangste en betalings)**
**Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste: toon die verwagte wins / verlies (inkomste en uitgawes)**

**AKTIWITEIT 5.1**
**U word voorsien van inligting met betrekking tot Daisy Handelaars.**

**INSTRUKSIE:**

5.1.1 Voltooi die debiteure-invorderingskedule vir November 2023

5.1.2 Bereken die ontbrekende syfers aangedui deur (i) – (v) op die kontantbegroting

5.1.3 Bereken die oninbare skule wat afgeskryf moet word op 31 Oktober 2023.

5.1.4 Die huur sal verhoog op 1 November 2023. Bereken die persentasie verhoging.

5.1.5 Rente op lening word betaal op die laaste dag van elke maand en word nie gekapitaliseer nie. Bereken die leningsaldo op 1 Oktober 2023.

5.1.6 Verwys na die werklike syfers vir Oktober 2023 (Inligting F).
Lewer kommentaar oor die beheer van Advertensies en Onderhoud soos begroot.

**Inligting:**

**A. Verkope en Koste van verkope bedrae:**

| Maand | Totale verkope | Koste van verkope |
|---|---|---|
| Augustus 2023 | 188 000 | 117 500 |
| September 2023 | 200 000 | 125 000 |
| Oktober 2023 | 240 000 | 150 000 |
| November 2023 | 224 000 | 140 000 |

**LET WEL:** 70% van totale verkope is kontant

**B. Debiteure betaal huidiglik volgens die volgende trant:**

- 10% betaal in die maand van verkope en ontvang 5% korting.
- 70% betaal in die eerste maand wat volg op die maand van verkope.
- 18% betaal in die tweede maand wat volg op die maand van verkope.
- Die saldo word afgeskryf in die derde maand wat volg op die maand van verkope.

**C. 'n Vaste basis voorraad word handhaaf. Voorraad word vervang in die maand van verkope.**

**D. 60% van totale aankope is op krediet. Krediteure word betaal in die tweede maand wat volg op die maand van aankope.**

## E: Uittreksel: Kontantbegroting vir die periode Oktober tot November 2023

| | Oktober | | November | |
|---|---|---|---|---|
| **ONTVANGSTE** | | | | |
| Kontantverkope | **(i)** | | | |
| Invorderings van debiteure | | | | |
| Huurinkomste | 8 200 | | 8 774 | |
| **Totale ontvangste** | | | | |
| | | | | |
| **BETALINGS** | | | | |
| Kontantaankope | **(ii)** | | 56 000 | |
| Betalings aan krediteure | 70 500 | | **(iii)** | |
| Salaris – winkelbestuurder | 14 000 | | 16 100 | |
| Salarisse - winkelassistente | | | | |
| Onderhoud van toerusting | 4 600 | | 4 600 | |
| Advertensies | 9 000 | | 12 000 | |
| Paaiement op lening | | | 30 000 | |
| Rente op lening (15% p.j.) | 2 375 | | 2 000 | |
| Deposito op motorvoertuig | 30 000 | | | |
| Paaiement op motorvoertuig | | | 9 800 | |
| Ander bedryfsuitgawes | | | | |
| **Totale betalings** | | | | |
| **Kontantsurplus / -tekort** | (17 900) | | 34 800 | |
| **Banksaldo** | (25 600) | | **(iv)** | |
| **Banksaldo aan einde van maand** | (43 500) | | **(v)** | |

## F. Werklike syfers vir Oktober

| | |
|---|---|
| Advertensies | R9 700 |
| Onderhoud aan toerusting | R900 |

## AKTIWITEIT 5.1 (Antwoordblad)

### 5.1.1 DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE VIR NOVEMBER 2023

| MAAND | KREDIETVERKOPE | OKTOBER | NOVEMBER |
|---|---|---|---|
| Augustus | 56 400 | | |
| September | 60 000 | | 42 000 |
| Oktober | | 6 840 | |
| November | 67 200 | | |
| | | | |

### 5.1.2

| | BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|---|
| (i) | | |
| (ii) | | |
| (iii) | | |
| (iv) | | |
| (v) | | |

| | |
|---|---|
| **5.1.3** | **Bereken die oninbare skulde wat afgeskryf moet word op 31 Oktober 2023.** |
| | |
| **5.1.4** | **Die huur sal verhoog op 1 November 2023. Bereken die persentasie verhoging.** |
| | |
| **5.1.5** | **Rente op lening word betaal op die laaste dag van elke maand en word nie gekapitaliseer nie. Bereken die leningsaldo op 1 Oktober 2023.** |
| | |
| **5.1.6** | **Lewer kommentaar oor die beheer van Advertensies en Onderhoud soos begroot.** |
| **Advertensies:** | |
| **Onderhoud:** | |

## AKTIWITEIT 5.2

**5.2.1 Verwys na inligting A en B en bereken die volgende.**

**(i)** Die kredietverkope verwag vir Desember 2023.

**(ii)** Die totale koste van verkope verwag vir Oktober 2023.

**(iii)** Die bedrae verteenwoordig deur die letters **(a)** tot **(c).**

**5.2.2** Behoort die bestuur van Zizi Klerewinkel tevrede te wees met die wyse waarop debiteure hulle rekeninge vereffen? Haal syfers aan om jou antwoord te ondersteun.

**5.2.3 Verwys na inligting C.**

**5.2.3.1** Verkope strategie:

- Identifiseer TWEE strategieë (behalwe advertensies) wat die onderneming gebruik het om hulle verkope teikens vir Desember 2023 te bereik het. Haal syfers aan.
- Verduidelik of hierdie goeie strategieë was al dan nie. Verskaf **EEN** punt met syfers.

| **A.** | **Oktober** | **November** | **Desember** |
|---|---|---|---|
| **KONTANTONTVANGSTE** | | | |
| Kontantverkope | 900 000 | 192 000 | 216 000 |
| Kontant vanaf debiteure | 750 000 | 1 780 000 | **(b)** |
| Lening: KC Bank | | 600 000 | |
| Huurinkomste | **(a)** | 9 430 | 9 430 |
| | | | |
| **KONTANTBETALINGS** | | | |
| Kontantaankope van voorraad | 1 800 000 | ? | ? |
| Betaling aan krediteure | 400 000 | **(c)** | ? |
| Lening en rente betaal | | | 22 500 |
| Salarisse en lone | 198 000 | 201 960 | 206 900 |

**Addisionele inligting:**

- Die onderneming gebruik 'n winsopslag van 50% op kosprys te alle tye.
- Kredietverkope beloop 'n vaste persentasie van verkope.
- Dit word verwag dat Kredietverkope vir Oktober 2023 'n bedrag van R3 600 000 sal wees en vir November 2023, R768 000.

Daar word verwag van debiteure om hulle rekeninge binne 30 dae te vereffen.

- 80% in die maand wat volg na die kredietverkope
- 15% in die tweede maand na die kredietverkope
- 5% word verwag om as oninbaar afgeskryf te word

- Die onderneming werk op 'n vaste basis voorraadvlak.
- Kontantaankope sal na verwagting bestaan uit 60% van alle voorraad aangekoop.
- Krediteure terme is 30 dae. Hierdie terme sal te alle tye nagekom word.
- Huurinkomste is onderhewig aan 'n jaarlikse verhoging van 15% op 1 November elke jaar.

**A. Die eienaar van Zizi Klerewinkel is bekommerd oor die volgende items vir Desember 2023:**

| | BEGROOT R | WERKLIK R | VARIANSIE R |
|---|---|---|---|
| Kontantverkope | 192 000 | 174 000 | -18 000 |
| Kredietverkope | 486 000 | 512 000 | +26 000 |
| Invorderings vanaf debiteure | 445 000 | 340 000 | -105 000 |
| Betalings aan krediteure | 195 000 | 110 000 | -85 000 |
| Afleweringskoste | 0 | 29 000 | -29 000 |
| Verpakkingsmateriaal | 4 100 | 3 400 | -700 |

AKTIWITEIT 5.2 (Antwoordblad)

| 5.2.1 | (i) | Die kredietverkope verwag vir Desember 2023. |
|---|---|---|
| | | |
| | (ii) | Totale koste van verkope verwag vir Oktober 2023. |
| | | |
| | (iii) | Bereken die bedrae verteenwoordig deur die letter (a) tot (c). |
| | | |

| | BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|---|
| (a) | | |
| (b) | | |
| (c) | | |

| | |
|---|---|
| **5.2.2** | **Behoort die bestuur van Zizi Klerewinkel tevrede te wees met die wyse waarop debiteure hulle rekeninge vereffen? Haal syfers aan om jou antwoord te ondersteun.** |
| | |
| **5.2.3.1** | **Verkope strategie:** |
| | **Identifiseer TWEE strategieë (behalwe advertensies) wat die onderneming gebruik het om hulle verkope teikens vir Desember 2023 te bereik het. Haal syfers aan.** |
| | |
| | **Verduidelik of hierdie goeie strategieë was al dan nie. Verskaf EEN punt met syfers.** |
| | |

**Deurlopende voorraadstelsel**: Koste van verkope en Handelsvoorraad toon die beweging van die voorraad.
**Periodieke voorraadstelsel:** Handelsvoorraad word vervang met Aankope rekening. Daar is geen Koste van verkope rekening nie.

## AKTIWITEIT 6.1

Cleo Winkels verkoop sportklere. Die besigheid gebruik die periodieke voorraadstelsel en pas 'n winsopslag van 50% op alle produkte toe.

**GEVRA:**

6.1.1 Bereken die koste van verkope vir die periode geëindig 30 Junie 2023.

6.1.2 Bereken die bruto wins vir die jaar.

6.1.3 Bereken die werklike winsopslag persentasie behaal.

6.1.4 Verskaf TWEE redes waarom die besigheid nie die beoogde winsopslag behaal het nie.

**INLIGTING:**

Die onderstaande inligting is geneem uit die Algemene Grootboek op 30 Junie 2023.

| | |
|---|---|
| Beginvoorraad | R96 000 |
| Verkope | 378 000 |
| Aankope | 229 200 |
| Vrag op aankope | 43 200 |
| Vrag op verkope | 39 600 |
| Aankope teruggestuur | 39 800 |
| Debiteureafslag | 50 200 |
| Ander bedryfsuitgawes | 129 600 |

**Geen inskrywings is vir die volgende transaksies gemaak nie:**

A. 'n Faktuur vir goedere aangekoop ter waarde van R1 600 is verkeerdelik aangeteken as R1 060. Die fout moet reggestel word.

B. Cleo neem handelsware vir persoonlike gebruik op 20 Junie 2023 teen 'n kosprys van R400. Die verkoopprys is R1 200.

C. 'n Debiteur het goedere met 'n verkoopprys van R3 600, op 30 June 2023 teruggestuur. Volgens hom het hy dit nie bestel nie.

D. 'n Faktuur vir goedere op krediet gekoop op 25 Junie 2023 van Junaid Handelaars is nie aangeteken nie. Die faktuur toon die kosprys van R1 350 en die afleweringskoste van R200.

E. Goedere teruggestuur aan krediteure, R2 600,aan die einde van die rekeningkundige periode is nog nie aangeteken in die boeke nie.

F. Na inagneming van al die bogenoemde, toon die fisiese voorraadopname op 30 June 2023 handelvoorraad op hande van 84 200.

## AKTIWITEIT 6.1 (Antwoordblad)

### 6.1.1 Koste van verkope vir die periode geëindig 30 Junie 2023

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| KOSTE VAN VERKOPE | |

| | |
|---|---|
| 6.1.2 | Bereken die bruto wins vir die jaar. |
| | |
| 6.1.3 | Bereken die werklike winsopslag behaal. |
| | |
| 6.1.4 | Verskaf TWEE redes waarom die besigheid nie beoogde winsopsalg behaal het nie. |
| | |
| | |